

# BREINAALDE GLIP VIR DRUKKIES



Landswyd is daar 'n breiprojek geloods waar vrywilligers aangemoedig word om sagte, troetelbeertjies vir kinders in nood te brei.

Die doel van die projek is om aan kinders te wys dat daar vir hul omgee word en om 'n bietjie veilige warmte aan hul te bied - iets wat deur baie van ons as blote alledaags aanvaar word.

"Om getroos te word en versorg te word, is deel van ons kinders se regte, maar dit is ongelukkig nie altyd in die praktyk só maklik haalbaar soos wat dit op papier lyk nie," verduidelik Elza Kriel, koördineerder van die breiprojek op Heilbron.

Die Amana-omgeegroep en die hekel-en-breigroep op die dorp het in samewerking met Marlene, van Hartklop-wolwinkel in die Wentworth Square-inkopiesentrum, by die

projek betrokke geraak. Hulle poog om te help brei aan 1000 beertjies vóór Junie, aanstaande jaar.

Tannie Ivy Fourie, 'n 87 jarige geliefde inwoner van Heilbron en 'n lid van die Amana-omgeegroep, het haar breipatroon aan belangstellendes gestuur en sedertdien glip-glap breinaalde dwarsoor die dorp soos wat daar aan hierdie projek gewerk word. Sy het self al 40 beertjies gebrei, opgestop en afgerond - gereed vir versending.

"Ons ander lede is ook besig om beertjies te brei. Sommige lede maak hul eie beertjies klaar terwyl ander net vir die breiwerk kans sien," het Kriel vertel. Sy het bygevoeg dat daar later dan 'n gesamentlike poging aangewend gaan word om die klaargebreide

beertjies aan mekaar te werk en op te stop.

"Hierdie breiwerk is vir elke beertjietannie 'n persoonlike bediening en baie liefde gaan in die projek in."

Indien iemand nog by die projek betrokke wil raak, kan hul by Marlene by die Hartklop-wolwinkel gaan inloer en navrae doen.

